Les 5: Vrees

Vlugteling

Kerngedagte: Die Here is altyd by jou

Kernvers: Heb 13:5-6 Die Here is my helper, Ek sal jou nooit verlaat
1 Samuel 18:14 Die Here was by Dawid

Hulpmiddels:
Opsioneel – Avonture van Tobie video (Monsters and me) (DVD is afrikaans en engels)
Opsioneel – Veggie Tales (God is Bigger than the Boogie man)
Prentjies van goed wat kinders bang maak, uitgeknip en in hopies gepak in die vertrek.

Grappie: (Sommer net vir lekker lag)
'n Mamma het eendag vir haar seuntjie gevra om die besem te gaan haal en die kombuis uit te vee. Die seuntjie weier net volstrek. Hoe meer die ma vra, hoe meer huil die seuntjie. Hy huil naderhand en smeek sy ma dat hy nie die besem wil gaan haal nie. Die ma vra hom toe later hoekom hy dit nie wil doen nie en sy antwoord was dat hy te bang is. Die besem staan buite op die stoep en dit is donker daarbuite.
"Maar my seun jy hoef nie bang te wees nie. Jesus is mos oral en altyd by jou."
Die seuntjie gaan staan toe by die deur en maak dit op 'n skrefie oop en vra baie versigtig en huiwerig. "Liewe Jesus, gee asb vir my die besem aan."

Leier se eie getuienis:
Dit is baie belangrik vir kinders om te besef dat daar is ook goed wat grootmense voor bang is. Dus kan die groepleiers kans kry om bietjie met die kinders te deel wat is goed wat hulle bang maak (Moenie in te veel detail ingaan hieroor nie). Dit kan baie kortliks vertel word.

Speletjie:
Speel enige speletjie waar daar 'n den by betrokke is. Die kinders moet 'n veilige plek hê waarnatoe hulle kan hardloop of 'n manier waarop hulle kan staan waar hulle nie gevang kan word nie, bv. Jagertjie (Touchers), Stuck in the mud, vroteier. Vra vir die kinders vir 'n speletjie wat hulle ken as jy nie een ken nie.

Inleiding: Toneeltjie
Persoon lê in slaapsak op grond en loer net-net uit by die slaapsak. Die persoon lyk baie bang. Maak of jy iets gehoor het en sê "Wat is dit?" "Toemaar, seker net my verbeelding"
"Nee, wag, daar hoor ek dit weer, het julle dit gehoor?"
"Ek is baie bang vir die donker.
Waarvoor is julle alles bang?" Kom ons kyk hier in die saal rond. Orals is hier 'n paar prentjies van goed wat ons bang maak. Ons kan nou hier rondloop en jy kan 'n paar prentjies kies wat wys waarvoor jy bang is. Jy kan ook op 'n papiertjie skryf as jy nie 'n prentjie sien wat vir jou pas nie.
Bv. donker, misdaad, skelms, dat mamma en pappa skei, dat iemand wat ek lief het sal doodgaan, mamma en pappa is dronk – bang hul slaan my/mamma/pappa, spinnekoppe, slange, donderweer.
Ek weet van iemand anders wat ook baie bang kon wees, maar Hy het gekies om te vertrou op God, hy het geweet God sal hom beskerm. Maar wag kom ek lees vir julle die brief wat hy geskryf het. Dan kan julle self sy storie hoor.
(Dawid skryf 'n kamma brief vir die kinders om nie bang te wees nie – gebruik die storie en die Psalms om die brief saam te stel.)

Brief:
Liewe maats
Sjoe maar Koning Saul was darem kwaad vir my, en ek het niks eers verkeerd gedoen nie. Ons was besig om oorlog te maak en Koning Saul het duisende manne verslaan, maar ek het tien duisende verslaan. Julle kan seker dink dat die koning nie gelukkig was met my nie. Nou is die koning bang dat ek sy koningskap wil oorvat en hy wantrou alles wat ek doen. Dit het so erg geraak dat ek die koning planne gemaak het om my dood te maak, maar ek was nie bang nie, want ek het geweet, die Here is by my.
Ek moes die heeltyd slim wees en die heeltyd vlug vir koning Saul, maar die hele tyd het ek geweet. Ek hoef nie bang te wees nie, die Here is by my.
(Die brief kan nog meer uitgebrei word deur gebruik te maak van Psalm 3 en
1 Sam 18:6 – 1 Sam 31.)

Aktiwiteite

1. In die groot groep of kleingroep kan Psalm 23 oorgeskryf word sodat die voorbeelde meer van toepassing is op vandag se lewe.

2. Maak 'n BB – BANG BOKSIE (noem dit 'n BB en nie 'n Bang boksie nie)
Skryf op die boksie is 3 Kernverse – 1 Samuel 18:14 Hebreers 13:5 en 6
Kinders kan dan die goed waarvoor hulle bang is in die boksie sit. Kinders moet boksie eers versier voor vasgeplak word.

3. Trek 2 hande af, skryf beloftes in die hande – hande kan ook met verf afgedruk word. Onthou die verf moet dan eers droogwoord voor geskryf kan word. Skryf die teks in die handpalm en die vyf woorde van die vers in die vingers, een in elke vinger. (voorbeeld op bl 7)



Bang boksie

Vergroot na A4 vir elke kind
Versier en skryf versies op.
Knip uit langs die buitelyne,
ook buit om die groot lusse
Vou langs alle lyne
Plak lus A aan die binnekant
van Sy D

Aktiwiteit 3 van bl 12 (Vrees les)